VOORBIDDING:

Wêreld: Ghana en Nigerië. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur. Slagoffers van terreur regoor die wêreld.

RSA & Dorp: Ekonomie - sakelui, arbeidsmag, werkslus en werk-skepping (Stellemploy). Vigs geïnfekteerdes en Vigs geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en ge-marginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede regoor die land en die oordeelkundige bestuur van ons waterbronne. Bendegeweld op die Kaapse Vlakte en studente geaffekteer deur die Huis ten Bosch-brand. Geweld teenoor vroue. Die brande in die reënwoude van die Amasone.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede. Om met 'n dankbare ingesteldheid te leef. Geestelike vernuwing en groei. Dankbaarheid vir 'n goeie reënseisoen. Dank vir ons Lentefees.

Baie geluk aan die volgende lidmaat wat vandag verjaar: Tania Gill (Barry).

Teken in op ons E-nuusbrief!

Hoe gaan jy te werk? Besoek ons web-werf, www.stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydagoggende 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor!

Bless a Baby-sakke

Daar is tans 'n groot behoefte aan Bless a Baby en "drawstring"-sakke. Nuwe geknipte lappe vir die sakke het ingekom en gewillige stiksters word gesoek om dit aan mekaar te stik. Kom kyk gerus in die kerkkantoor en help om dié sakke te maak vir Paarl Hospitaal. Die nood bly baie groot.

GROENgedagte #146 Ons steel die toekoms van ons kinders en kleinkinders deur ons ongeërgde houding teenoor die skepping. So sê die Sweedse tieneraktivis, Greta Thunberg, by https://youtu.be/M7dVF9xylaw wat wêreldleiers aanspreek oor hul verantwoordelikheid teenoor die aarde. Luister hierna: "If the current trend continues, there could be more plastic than fish (by weight) in the ocean by 2050." (Bron: The New Plastics Economy) Dink hieroor na: Besoedeling • Die dood van 9 miljoen kinders en jongmense in 2015 kon direk met besoedelde lug verbind

word. • Grond- en waterbesoedeling, asook die skaarsheid van grond en water, dra by tot konflik en migrasie. • Klimaatsverandering dra by tot omgewingsvlugtelinge wat lande se stabiliteit bedreig en tot oorloë kan lei. Dit dra ook by tot omgewingsverandering. Selfs al word geen kweekhuisgasse meer in die atmosfeer vrygestel nie, sal klimaatsverandering voortduur. • Die produksie van goedere en internasionale handel dra by tot 30% van alle kweekhuisgasse (CO_2) wat in die atmosfeer vrygestel word. • Die Amasone brand omdat mense ekonomies vooruit wil gaan, landerye wil aanlê en weiding vir hulle vee wil kweek. In Suid-Afrika is ons pynlik bewus van die impak van byna geen ekonomiese groei – almal soek vooruitgang. Hoe kan ons dus volhoubaar ontwikkel en vooruitgaan terwyl die wêreld onder ons voete besig is om stadig dood te bloei a.g.v. die mens se drang na vooruitgang? Kan ons stop of leer om saam te leef met die vernietiging van ons pragtige Moeder Aarde?

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sondag 8 September 2019

Lentefees Feesdiens

Koninkrykstyd

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Tema	Die verandering wat die Here bring in ons verhoudinge ...
	As Christus werklik die Here is, lyk alles anders!
Teks	Filemon
Prediker	Leon Cronje
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese: Die God van Israel is God.
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
18:00	Jeugdiens: Hemel op aarde - Deur ons (Elzanne)

Dankie aan almal wat gehelp het om ons Lentefees so lekker te maak! Van die pannekoekrollers tot die helpers by die speletjies, van die spitbraaiers tot die skottelgoedwassers, tjips-makers, jaffles-makers, popcorn-skieters, bakkers, skinkers, verkopers, Bergloop-stappers, braaiers, fotograaf, poedingeters - ALMAL wat hier was! Dit was 'n groot lekkerte!

Negende Lesotho-uitreik vanjaar!

Die wiele is aan die rol vir ons gemeente se 9de Le-sotho-uitreik! Altesaam 13 tieners gaan saam met Leon en Anette Cronje en Elzanne van der Westhuizen tydens die September-vakansie na Le-sotho reis waar hulle August Basson en die mense van Maphutseng se hande gaan sterk. As jy 'n bydrae wil maak, kontak gerus vir Leon Cronje om te hoor hoe jy kan help (tel: 021 886 5115).

Spesiale gaste vandag

Baie welkom aan 'n paar inwoners van Huis Horison wat vandag ons erediens bywoon: Marijke Lerm, Dawie Coetzee, Franja Hanekom, Mari Oberholzer en Hessie Mostert. Baie welkom ook aan suster Welna Snyman wat hul vergesel en Elzabi van Wyk, hoof van bemarking, fondse en projekte by Huis Horison.

ONS KANTOORURE is Ma: 09:00 - 13:00 Di - Vr: 08:00 - 13:00

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer.

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 9/9 tot Sondag 15/9

Di 10/9	10:00	**Bybelstudie** by Bonheur.
Wo 11/9	09:00 & 19:00	**Geloofsgroei Byeenkomste** in die konsistorie. Almal is welkom **Geen Marktafel en Kuiertafels** (agv opruiming vir Lentefees)
Do 12/9	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening:** kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy ook wil kom saam werk.
So 15/9	09:30 09:30 10:30 10:30 18:00 18:00	**Erediens:** Nadia Marais **Kleuterkerk en Junior Kategese:** Dis so hartseer! Tee, koffie en saamkuier by ons Koinonia Kafee Kerkbiblioteek in die vierkant **Jeugdiens:** Afsluiting **Diens** by Bonheur

Die deuroffer vandag gaan aan Huis Horison: Huis Horison is ’n tehuis in Stellenbosch waar mense met primêr intellektuele gestremdheid lewenslank gehuisves en versorg word. Die tehuis is grootliks afhanklik van die steun van die gemeenskap. Van ons lidmate het kinders in Huis Horison, maar heelwat inwoners het nie ouers of ander familie nie. Kom sluit aan by die *Kring van Vriende van Huis Horison* en help met projekte soos houtwerk, brei, naaldwerk, hekel, kaartjiesmaak, kralewerk en storieslees. Ons verteenwoordiger is Christa van Heerden (vanheerdenchrista5@gmail.com / 083 357 4166). Huis Horison se nommer is 021 887 5080.

Die deuroffer verlede week aan die Bediening aan Dowes en die Instituut vir Dowes was R2 452. Baie dankie!

Volgende week se deuroffer gaan aan Hospitaalbearbeiding.

Aangesien September ons Lentefeesmaand is en ons so pas ons groot B-Aksie insameling gedurende Augustus gehad het, is daar nie spesifieke insamelings vir Barmhartigheid gedurende September nie.

Herwinning Die gemeente se herwinningsinisiatief het nou baie groter geword. In die vierkant by die houers waar ons papier herwin vir Huis Horison, is daar nou houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Die GROEN-bediening van die gemeente sal sorg dat die items wat u bring vir herwinning, by die regte maatskappye uitkom wat hierdie skadelike afval op die regte manier hanteer en herwin.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om ’n verwysing in te tik.)

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Ons Jeugproduksie vind vanjaar plaas op Sondag, 13 Oktober om 19:00 in die kerk. Die kinders oefen omtrent hard! Maak seker jy woon dit by!

straatlig

Straatlig koepons (R10 elk) is by die kerkkantoor te koop. Dit kan gegee word aan persone op straat en kan geruil word vir ‘n nag se slaap by Nagskuiling, vir ‘n bord kos by Bergzichtplein of vir ‘n kombers by die Kruiskerk.

Dit is altyd lente in die hart wat God bemin.
Jean-Marie Vianney

Blikkies maak ’n groot verskil

Ons blikkies-bouprojek gedurende Augustus het dit weer bevestig dat die gemeentelede van Stellenbosch-Welgelegen nie skrik vir 'n uitdaging nie en beslis kan saamwerk! Die finale aantal blikke en produkte was 1 334! Baie dankie vir elkeen se bydrae! Op die foto help Mbulelo Kadji vir Voedingsaksie se Shaun Gordon om die bakkievrag kos op te laai. Meer foto’s en syfers volg later.

KOINONIA

Hoe voel jy oor jou medegelowiges in die gemeente? Word jou hart ook warm as jy aan hulle dink of word jy warm onder die kraag? Ons is almal in verskillende verhoudinge met mekaar. In die gemeente word ons verhoudinge gevorm deur ons verhouding met God en die liefdesgebod wat ons aanmoedig om mekaar lief te hê en te aanvaar. Otto Scharmer van die Presencing Institute en ontwerper van “Theory U” skryf: “The quality of results in a system depends on the quality of relationships between the players in a system, and the quality of relationships depends on the quality of awareness that these players are operating from.” Ons gaan hierdie aanhaling bietjie vir bietjie uitpak om ons te help om mekaar te verstaan en ‘n mooi pad saam met mekaar te loop. As ons verwag dat dinge in die gemeente goed moet gaan – dat die gemeente op alle terreine moet groei en floreer en ‘n koninkryksverskil in die wêreld en meer spesifiek in Stellenbosch moet maak - moet ons die verhoudinge tussen ons as lidmate van die gemeente versterk. Ons is almal deel van hierdie sisteem wat ons “ons gemeente” noem. Wat doen jy om verhoudinge te versterk met jou mede-lidmate?